

## **Sing vooraf staande: Psalm 118:1, 14 (p. 575)**

- 1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.  
Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.  
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,  
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!
- 14 U is my God, ál my verlange; / U prys ek om u majesteit.  
My God, U loof my lofgesange / van nou af tot in ewigheid.  
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd;  
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Psalm 18:1, 12 (p. 71)**

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.  
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,  
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,  
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 12 Barmhartig, vol van derenis, is U vir wie barmhartig is;  
en wie opreg is, U sal hom / ook met opregtheid teëkom.  
By hul wat reinheid rein bemin, / hou U, die Heil'ge, U ook rein;  
maar vir wie leef in valse skyn, / is U ook self verkeerd van sin.

## **Geloofsbelydenis: Apostolicum**

**Wet**

## **Psalm 86:3, 6 (p. 432)**

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;  
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.  
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!  
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smEEK.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;  
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.  
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,  
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

**Gebed**

## **Psalm 63:1, 2 (p. 306)**

- 1 My God, wat tog my lewe is, / hoe smag my hart as 'k U moet mis!  
Ek soek U, HEER, terwyl ek kwyn / in sielsverlatenheid en pyn.  
Ek smag soos alles hier om my / waar 'k swerf in wilde woesteny,  
'n dor en uitgedroogde land / waarop die son se vlamme brand.
- 2 Ek het voorheen, in stille wag, / U in u heiligdom betrag,  
waar U in glans, aanbidd'lik skoon, / en alvermoënd sit ten troon.  
Want bo ons lewe in kommernis, / wat sonder U geen lewe is,  
skat ek u grote goedheid, Heer, / waarvoor my mond U dankend eer.

**Skriflesing:** Eksodus 33:7-23; Johannes 1:1-18; 1 Johannes 4:7-12; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 1

**Kernverse:** Johannes 1:18; 1 Johannes 4:12

**Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak.**

**Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.**

(Johannes 1:18; 1 Johannes 4:12 AFR1983)

## **Nederlandse Geloofsbelydenis**

### **Artikel 1**

#### **Die enige God**

*Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.*

*2 Kor 3:17; Joh 4:24; Jes 40:14.*

**Tema:** Hoe werklik is God vir jou? Ons onsienlike God laat Homself in jou sien!

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het nou al aan die hand van ons belydenis gehoor watter groot seën God se ewigheid en onbegryplikheid vir ons meebring. Omdat God ewig is, verseker Hy ons dat geen deel van ons lewe ooit buite sy gesigsveld is nie. Omdat God ewig is, is Hy elke oomblik van jou en my lewe by ons persoonlik betrokke. Die feit dat die ewige God kragtens sy ewigheid elke oomblik van ons lewens persoonlik teenwoordig en betrokke is by ons, laat ons beseef hoe groot die erns is van ons lewens in hierdie tyd. Ons lewe in dié tyd is nie sommer maar iets wat net gebeur en verbygaan nie.

Die tweede eienskap van God wat ons bely, is dat God onbegryplik is. God se onbegryplikheid beteken egter nie dat God onbekend of onverstaanbaar is nie. Nee, dit beteken eerder dat ons nie in staat is om God se werke ten volle te verstaan nie. En die seën wat ons verkry uit die feit dat God onbegryplik is, is dat Hy ons liefhet. Alhoewel ons niks van God se liefde verdien nie en, alhoewel ons nie aanspraak op God se guns het nie, gee Hy dit vir ons. In plaas daarvan dat Hy ons afgeskryf het omdat ons Hom afgeskryf het, het Hy ons oneindig lief. En aangesien ons deur Jesus Christus kinders van God geword het, verwag die Here dat ons draers van sy onbegryplike liefde sal wees.

Dit bring ons dan by die derde eienskap wat ons van God bely, naamlik dat Hy onsienlik is. Nou moet ons eers mooi daarop let dat God nie onsigbaar is nie. *Onsigbaar* beteken dat iets tydelik nie gesien kan word nie omdat dit verberg of weggesteek is. *Onsienlik* daarteenoor beteken dat iets net nie gesien kan word nie. God is nie weggesteek nie. Hy kruip ook nie vir ons weg nie. Trouens, as die Here Homself van ons verberg, sal ons lewe in duie stort, want dit sou beteken dat Hy van ons af weg is. En dit, belowe die Here self, sal Hy nooit aan sy kinders doen nie. Hy sal nooit van ons af weggaan nie, omdat Hy sy eie geliefde Seun eenmaal verlaat het oor ons sondes en Christus die prys vir ons sondes klaar betaal het.

God is mos alomteenwoordig. Hy is oral en tog kan ons Hom nie sien nie. Waarom, sal iemand vra, kan ons God dan nie sien nie? Die Here gee self vir ons die antwoord op hierdie vraag. Moses was bevoorreg om God se stem helder en duidelik te hoor. In die tent van ontmoeting het hy, om dit so te stel, die Goddelike radio gehoor. Hy het niemand gesien nie, maar wel God se stem gehoor en sy heerlike teenwoordigheid beleef. God se persoonlike teenwoordigheid by Moses en die volk Israel was vir Moses so uiters belangrik dat hy nie kans gesien het om met die volk na die beloofde land te

trek as die Here nie saam met hulle gaan nie. Die Here het hierdie versoek vir Moses toegestaan. Hy sou saam met hulle verder trek. Toe Moses dit hoor, wou hy ook nog die Goddelike televisie sien. Hy vra:

**Laat ek tog net u magtige verskyning sien!** (Eksodus 33:18 AFR1983)

Wat Moses egter nie beseft het nie, is dat hy met hierdie versoek eintlik sy eie ondergang gevra het. Watter mens is daar wat met sy blote oog sommerso in die middagson in kan kyk sonder om blind te word? Daarom sê die Here:

**Vir My kan jy nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie**  
(Eksodus 33:20 AFR1983).

Die mens wat God wil sien, sal nie net blind word nie maar sterf. As God dus onsienlik is vir ons, is dit nie omdat Hy iets van ons af weghou wat ons nodig sou hê nie. Nee, Hy bly vir ons onsienlik ter wille van onself. Aangesien ons nou nog sondaars is, wil God nie hê dat ons Hom sien en weens ons sondes sterf nie. As ons dan moet sê watter seën God se onsienlikheid vir jou en my inhou, moet ons sê: Dat ons kan bly lewe, is ons seën. Die Here het destyds vir Moses teen homself beskerm. So beskerm die Here ons vandag ook nog teen onself deurdat Hy vir ons onsienlik bly.

Maar, geliefdes, ons goeie God se openbaring van Homself aan sy mense bly nie op een plek stilstaan nie. Ja, dit is so dat ons vandag nog bely dat God onsienlik is. Maar God wil nie tot in alle ewigheid onsienlik vir ons bly nie. En aangesien God oor die geskiedenis volkome heerskappy voer, het Hy die tyd voorberei waarin Hy Homself nog meer volkome aan ons kan openbaar as wat Hy dit in die tyd van Moses gedoen het.

Johannes sluit die aanhef tot die Evangelie af met die woorde van verse 16 tot 18. In hierdie woorde word dit vir ons duidelik watter betekenis Jesus Christus se koms na hierdie wêreld vir die kerk het. **Uit sy oorvloed, sê Johannes, het ons almal genade op genade ontvang** (Johannes 1:16 AFR1983). Die genade van Christus se koms oortref die genade wat die volk van God nog ooit in die verlede beleef het. Ja, die genade van Christus se koms oortref ook die genade van die wet wat aan ons gegee is.

In die gee van sy wet, skenk God aan sy volk die genade om sy wil helder en duidelik te hoor. Hierdie genade is vir ons in die een en twintigste eeu nog net so geldig. Sondag na Sondag ontvang ons die genade uit God se hand om sy eie stem helder en duidelik te hoor wanneer Hy sy wet aan ons afkondig. Ons kry die genade om te mag weet hoe die Here wil hê dat ons teenoor Hom en teenoor ons medemens moet optree. Hy laat ons nie in die duister oor wat Hy van ons verwag nie.

En nou hoor ons dat God uit sy oorvloed genade op genade aan ons skenk. Die genade dat Hy sy eie Seun na hierdie wêreld toe stuur oortref noodwendig die genade wat ons ontvang deur maar net sy stem in die afkondiging van sy wet te hoor. Dit beteken egter nou nie dat die genade van die Ou Testament minderwaardig geword het en maar eenkant gelaat kan word nie. Jesus sê immers self dat Hy nie die wet en die profete met iets anders kom vervang het nie. Inteendeel, sy koms het die genade in die gee van die wet juis kom vervolmaak. Hy het nie gekom om die wet en die profete ongeldig te maak nie maar om hulle volle betekenis aan ons te kom leer. Sy koms het eerder die genade van die Ou Testament kom volmaak en daarom bly die genade van die Ou Testament ook vir ons vandag nog van krag.

Tog, broers, susters en kinders, het Christus nie maar net gekom om die genade van die wet en die profete vir ons te vervolmaak nie. Hy het ons nie net die volle betekenis van God se wet kom leer nie. Hy het baie meer as dit kom doen. En om dit vir ons glashelder te maak, maak Johannes die stelling: **Niemand het God ooit gesien nie** (Johannes 1:18 AFR1983). Daar is nie een mens van die heel begin af wat God al ooit gesien het nie. En nou wil God dit begin verander. Hy stuur sy enigste Seun,

self ook ewig God, na hierdie wêreld en laat Hom mens word. In Jesus Christus is God self persoonlik op die aarde tussen sy mense.

En nou is dit aangrypend om te hoor watter betekenis die Seun van God se koms na hierdie wêreld vir die kerk het. Johannes sê:

**Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend ge-maak.**  
(Johannes 1:18 AFR1983)

Nog meer letterlik vertaal:

**die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar.**

(Johannes 1:18 AFR 1953)

Niemand het God nog ooit gesien nie, behalwe Hy wat van die Vader af kom, want Hy is die naaste aan die Vader. Hy is so naby aan God dat die Heilige Gees vir ons sê: Hy is in die boesem van die Vader. Dit is asof God tot in sy eie diepste Wese gereik het en sy eie hart uitgehaal het toe Hy sy Seun, Jesus Christus, na ons toe gestuur het.

Toe God sy Seun na hierdie wêreld gestuur het, het Hy vir sy mense sy eie hart gewys sodat sy mense Hom sal ken soos Hy werklik is. Geliefdes, al Jesus se woorde wat Hy gespreek het, al die wonderwerke wat Hy verrig het, is die woorde en die werke van sy eie Vader, ons God. Jesus sê self dat Hy niks anders doen as wat sy Vader Hom gee om te doen en te sê nie. Daarom sê die Heilige Gees: Die eniggebore Seun het God aan ons verklaar.

En waar anders as juis aan die kruis op Golgota sien ons die Here ons God se hart die duidelikste. Ons leer God juis by die kruis van Jesus Christus ken as die God wat sy mense inderdaad baie liefhet. Hy wil nie hê dat sy mense as gevolg van hulle sondes verlore gaan nie. Hy wil hulle vergewe en aan hulle die ewige lewe skenk. Daarom moet Jesus ook die regverdige kant van God se hart vir ons verklaar. Sy Vader haat die sonde en kan dit nie ongestraf laat bly nie. In plaas daarvan om die sonde ongestraf te laat bly, straf Hy sy eie Seun oor sy mense se sondes. As Jesus dan aan die kruis sterf, verklaar Hy dat God by sy woord bly. God is regverdig en Hy haat die sonde, daarom is die dood die straf op die sonde.

En as Jesus na drie dae uit die dood uit opstaan, verklaar Hy nog iets verder van God. Hy staan uit die dood uit op, want sy bloed aan die kruis gestort is genoegsaam om die hele wêreld se sondes voor God se oë weg te was. Jesus verklaar dus dat sy Vader tevrede is met die prys wat Hy vir ons lewens betaal het. Daarom leer Jesus ons ook en roep Hy ons op om in Hom te glo. Wie in Hom glo, sal die ewige lewe hê en nie verlore gaan nie. Wie Jesus Christus leer ken het, het die ewige en onbegryplike God ook leer ken soos Hy werklik is, want Jesus het Hom aan ons verklaar. Jesus het sy Vader so duidelik en helder verklaar dat Hy op 'n keer vir Filippus kon sê:

**Wie My sien het, sien die Vader.** (Johannes 14:9 AFR1983)

Nou kan u vir my sê: Ons wat vandag lewe, is mos nou ver agter die dissipels. Hulle het die voorreg gehad om vir Jesus self te kon sien. Met hulle eie hande kon hulle aan Hom raak. Hulle het vir Jesus gesien en daarom het hulle ook vir God gesien. Vandag is Jesus nie meer hier by ons op die aarde nie. Hy het dan na die hemel opgevaar. Het God dan nou sy openbaring van Homself vir ons teruggedraai na waar Moses-hulle was sodat ons nou weer net sy stem kan hoor maar nie die Vader of Jesus kan sien nie?

Geliefdes, 'n mens kan seker so wil redeneer dat ons minder bevoorreg as die dissipels is. Maar dit is nie wat Jesus self sê nie. Die seën is nie daarin geleë om vir Jesus en in Hom vir God te sien nie. Vir Thomas sê Jesus:

**Salig is dié wat nie gesien het nie en tog glo.** (Johannes 20:29 AFR 1953)

Ons is eintlik die dissipels voor omdat ons kan glo sonder dat ons vir Jesus, die Seun, of vir God gesien het. En dit is ook nie so dat God sy openbaring van Homself teruggedraai het vir ons nie. Dieselfde Johannes wat die Evangelie geskryf het, sê in sy eerste brief weer:

**Niemand het God nog ooit gesien nie** (1 Johannes 4:12 AFR1983).

Bykans 'n honderd jaar na die geboorte van Jesus Christus maak Johannes dieselfde stelling:

**Niemand het God nog ooit gesien nie** (1 Johannes 4:12 AFR1983).

Ons kan dus daarvan seker wees dat God nie sy openbaring teruggedraai het nie. Inteendeel, God het met sy openbaring voortgegaan. Hy het sy Gees gestuur om in elkeen van sy kinders te woon en te werk. Die Heilige Gees bring nou God se eie werke in jou en in my lewens tot stand.

As ons in drie woorde God vir iemand moes beskryf, is die beste manier om dit te sê: God is liefde. Dit is immers hoe Jesus vir God aan ons verklaar. Daarom, wanneer Johannes vir die tweede maal die stelling maak dat niemand God nog ooit gesien het nie, gaan hy voort en sê:

**maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik** (1 Johannes 4:12 AFR1983).

Alhoewel God vandag nog vir ons onsienlik is, laat Hy Homself sien in die liefde wat Hy deur sy Gees in sy kinders werk en sigbaar maak in dae van liefde. God het ons na sy beeld geskape. Die Heilige Gees is voortdurend besig om die beeld van God in jou en in my lewe te herstel deur ons heilig te maak. God wil immers hê dat almal Hom nou al voorlopig sal sien. Wanneer ek en jy ons onderwerp aan die heerskappy van die Heilige Gees en ons leef ons geloof in Jesus Christus uit sodat dit sigbaar word in ons liefde vir mekaar, laat God Homself in my en jou lewe sien.

Dit bring ons terug na die twee eienskappe van God waarby ons reeds vroeër stilgestaan het. Aan die begin het ons gesê: Die feit dat die ewige God kragtens sy ewigheid elke oomblik van ons lewens persoonlik teenwoordig en betrokke is by ons, laat ons beseef hoe groot die erns is van ons lewens in hierdie tyd. Ons lewe in die tyd is nie sommer maar net iets wat gebeur en verbygaan nie. Aangesien God ons as sy kinders aangeneem het, is jou en my lewe as kind van God 'n saak van groot erns. God wil Homself in jou en in my lewens laat sien. Daarom het Hy ons draers van sy onbegryplike liefde gemaak. God word nie herken as die God van liefde as ons maar net goeddoen aan die mense wat aan ons goeddoen nie. God word die duidelikste en die helderste raakgesien as die God van liefde wanneer ons ook die mense liefhet en aan die mense goeddoen wat ons haat en vervolg.

Geliefdes, na alles wat God vir ons gedoen het in Jesus Christus en met alles wat God nog steeds deur sy Gees in ons lewens doen, kan ons nie vanoggend vir die Here sê ons wil nie 'n portret van Hom wees vir ander mense nie. Onthou, wanneer ons mekaar nie liefhet nie, beroof ons mekaar van 'n blik op ons ewige God. Laat ons mekaar daarom liefhê, laat ons onself aan die heerskappy van die Heilige Gees onderwerp sodat God se liefde in ons sy doel volkome kan bereik. Dan sal ons onsienlike, ewige en onbegryplike God vir jou en my en vir alle mense meer en meer 'n werklikheid wees wat ons dag vir dag kan beleef.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 9-4:4, 5, 6 (21:4, 5, 6)

- 4 Lankmoedig is die liefde<sup>o</sup>in pyn / en vriend'lik waar sy ook verskyn.  
Afgunstig is die liefde nooit, / of opgeblase<sup>o</sup>of hoog van spraak;  
niks wat hier onweloweglik maak, / kleef aan die daad van liefde ooit.
- 5 Sy soek haar eie voordeel nooit, / niks maak haar hart verbitterd ooit,

en sy vergeld geen kwaad met kwaad. / Geen ongeregtigheid wil sy,  
maar net die waarheid maak haar bly – / die waarheidsklank van woord en daad.

- 6 Die liefde lê die kwaad nie oop, / sy dra, verdra en glo en hoop –  
Die profesie sal nie bestaan, / ons taal en kennis gaan tot niet;  
maar – hoogste lofprys van my lied – / die liefde alleen sal nooit vergaan.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die  
Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
29 April 2012